

Genderegeregtigheid

Regtig? Video het mense aan die praat



Die videogreep “Regtig?” het groot reaksie ontlok en doen reeds die rondtes op sosiale media. Die videogreep handel oor opmerkings wat onlangs aan vrouepredikante van die NG Kerk gemaak is. Die videogreep is deur Ghisnene Muller gemaak en is vertoon tydens die verslag van die genderegeregtigheidstaakspan wat deur Carin van Schalkwyk en Fanie Cronje gelewer is tydens die Algemene Sinode. ‘n Groep sinodegangers het ‘n paar riglyne opgestel vir die kyk van en gesprek daarvoor.

Agtergrond en konteks van die videogreep: Die video is gemaak met aanhalings van werklike verhale wat onlangs deur vrouepredikante in die NG Kerk gedeel is. Hierdie video is gemaak met die doelwit om bewustheid te verhoog van hoe patriargie, diskriminasie en selfs seksuele teistering, steeds ‘n werklikheid in die NG Kerk is vandag. Soms is dit so deurweef in die heersende kultuur en sisteme dat ons nie altyd bewus daarvan is nie.

Ons kom self nie eers altyd agter dat ons opmerkings of vooropgestelde idees deel hiervan uitmaak nie. Die video kan sinvol gebruik word om intensioneel mense hiervan bewus te maak sodat ons ander kan begin dink en optree. Die gesprek kan daartoe bydrae dat kerkruijms veiliger kan wees vir almal om deel te wees en gelykwaardig deel te neem.

Wenke vir die gebruik van die videogreep:

- Die gesprek moet verkieslik deur iemand gefasiliteer word wat die waardes van veilige gespreksvoering kan handhaaf.
- Skep ‘n veilige ruimte vir die vertoon en bespreking van die videogreep. Maak seker die ruimte is veilig vir almal teenwoordig. Dit help om die ruimte veiliger te maak as vroue nie in die minderheid is nie.
- Definieer die waardes van die gesprek vooraf.
- Hanteer die opmerkings in die videogreep met empatie en respek. Dit gaan oor mense se ervarings. Soms is dit humoristies gesê, maar dit beteken nie dat dit nie seergemaak het nie. Teistering word dikwels afgemaak as ‘n grappie.
- Maak dit duidelik dat vrouens en mans die opmerkings waarna daar in die video verwys word, gemaak het. Dit is dus nie ‘n vingerwys na mans nie, maar ‘n blik op hoe die kultuur in die kerk by sommige mense en in sommige kontekste, nog nie geskuif het nie.
- Wees bewus daarvan dat die video die potensiaal het om ‘n sneller te wees van vroue se trauma. Wees dus sensitief in die gebruik en bespreking van die video.
- Ontvang die reaksies op die video met deernis en empatie.

Gesprek: Moontlike vrae wat na afloop van die video bespreek kan word:

- Wat is jou reaksie op die video? Hoe laat hierdie video jou voel?
- Vertel van ‘n geleentheid waar jy self teenoor iemand ander gediskrimineer het (op grond van geslag, ouderdom, ras of enige iets anders) in woorde, daad of selfs in jou gedagtes?
- Vertel van ‘n geleentheid waar daar teenoor jou gediskrimineer is?
- Hoe kan die spasies waarin julle juisself bevind, veiliger gemaak word vir almal?
- Hoe dink jy kan julle intensioneel die kultuur van patriargie (manlike oorheersing of diskriminasie teen vroue) verander, sodat almal veilig kan voel en hulle roeping kan uitleef?

Verbintenisse: Hier is die waardes van die Algemene Sinode waartoe julle julle ook verbind:

Ingenooi deur God en daarom een in die Gees en gelyk langs Christus wil ons sensitief en respekvol wees teenoor:

- Verskillende teologiese gesigspunte en vaardighede
- Verskillende geslagte
- Verskillende seksuele oriëntasies
- Alle ouderdomme
- Verskillende kulture
- Verskillende rasse
- Verskillende klasse
- Verskillende liggaamlike vermoëns
- Verskillende geestestoestande

En daarom wil ons dit wys in:

- Hoe ons praat
- Hoe ons na mekaar kyk
- Hoe ons aan mekaar raak
- Hoe ons luister

Saamgestel deur Anriëtte de Ridder, Melanie Thirion en Almatine Leene - 8 Oktober 2019